DIE ONTSTAAN EN ONTPLOOING VAN DIE AFRIKAANSE KULTUUR

D

No. 18

P.H. Kapp

Synopsis

1. Cultural history demands to a special extent that the historian will remain true to the fundamental requirement of history writing, namely, that he should experience his material.

2. There is a great need for an all embracing cultural history of the Afrikaner that studies cultural development and expression in their own right and not as supplements to political activities.

3. The period before 1875 is of crucial importance for the cultural history of the Afrikaner.

4. The 17th and 18th centuries constitute a period that also included important positive aspects, and in certain spheres it was culturally rich.

5. The deeper, solid core of Afrikaans cultural life that took root and grew here has not been researched thoroughly at all.

6. The real cultural struggle of the first decades of British rule requires considerable attention.

7. The cultural life is a natural, subconscious and unseen force that only surfaces consciously and publicly under special circumstances.

OPSOMMING VAN REFERAAT : DIE ONTSTAAN EN ONTPLOOIING VAN DIE AFRIKAANSE KULTUUR

No. 18

Die hoofgedagtes kan in 'n aantal stellinge opgesom word:

1. Die kultuurgeskiedenis vereis in 'n besondere mate dat die his= torikus getrou sal wees aan die fundamentele eis van die geskied= skrywing nl. dat hy sy stof van binne sal deurleef.

2. Daar is 'n groot behoefte aan 'n omvattende kultuurgeskiedenis van die Afrikaner wat die kulturele ontwikkelinge en uitinge in eie reg en nie as 'n aanhangsel tot politieke gebeure nie, bestudeer.

3. Die tydperk vóór 1875 is van fundamentele belang vir die Afrikaner se kultuurgeskiedenis.

4. Die sewentiende en agtiende eeu was nie net 'n negatiewe tydperk nie, maar het ook belangrike positiewe aspekte bevat en was op sekere gebiede 'n kultureel ryke periode.

5. Die diepere, harde kern van die Afrikaanse kultuurlewe wat hier wortel geskied en gegroei het, is nog geensins na behore nagevors nie.

6. Die ware kulturele worstelinge van die eerste dekades van die Britse bewind is 'n studieterrein wat nog heelwat aandag vereis.

7. Die kultuurlewe is 'n natuurlike, onbewuste en stilwerkende krag wat net a.g.v. besondere omstandighede tot die bewuste en openbare "strydvlak" toetree.

DOCUMENTATION CENTRE
FOR
INDIAN CULTURE
ACCESSION NO. 366/12

DIE ONTSTAAN EN ONTPLOOIING VAN DIE AFRIKAANSE KULTUUR

No. 18

Referaat, konferensie van die SA Historiese Vereniging, Durban 1-3 Julie 1981

Wat in hierdie referaat aangebied word, is nie 'n diepgaande bronnestudie van 'n enkele en goed afgeronde onderwerp nie, omdat só 'n spesialiste-studie dikwels net beperkte geleentheid vir die bespre= king van wyer probleme in die geskiedenis bied. Die referaat het ook nie ten doel om iets nuuts na vore te bring nie, maar om binne die wyer tema van kultuur en ideologie, 'n bydrae tot bespreking aan te bied. In 'n bespreking van hierdie tema binne die verband van die Suid-Afrikaan= se geskiedenis, kom die rol wat die Afrikaner se kultuurstrewe gespeel het, noodwendig onder die aandag. Daaroor is al heelwat geskryf en sekere aspekte is veel deegliker en omvattender nagevors as ander. Ek wil my graag beperk tot die minder volledige nagevorste aspek nl. die ontstaans- en ontplooiingsfase van daardie kultuurstrewe.

1. DIE KULTUURGESKIEDENIS

Die begrippe ontplooiing en ontwikkeling gee myns insiens iets weer van die wese van die kultuurgeskiedenis: 'n proses van wording, van ontwikkeling en van wisselende aard, belang en betrokkenheid. Dit omvat 'n element van die bewuste én die onbewuste, van die bruisende of siedende stroom in die versnellings en die byna onopmerklike stille vloei van die rivier deur die vlakte. Dit is verstaanbaar dat die mens meer belangstel in die bruisende strome van die geskiedenis omdat dit al die dramatiese elemente bevat wat boei. Maar die belangrikheid en die waarde van 'n kultuurlewe is dikwels sterker aanwesig in die onop= sigtelike, geluidlose wyse waarop 'n kultuur se lewenstyl of lewensvorm[1] die gang van die mens se lewe en sy norme en waardes bepaal. Dit is altyd daar, maar dit tree nie dikwels in die bewuste denke van die mens na vore nie.[2] Daarom dat die groot en wyse Noorweegse historikus Halvdan Koht dit ook nie as een van die dryfvere in die geskiedenis identifiseer nie.[3] Tog het dit in die geskiedenis, en veral die ge= skiedenis van Suid-Afrika, 'n belangrike invloed uitgeoefen.

Indien 'n mens Huizinga se standpunt aanvaar dat die kultuurgeskie= denis hom besig hou met die kennis en verstaan van die aard en verloop van beskawingsverskynsels in die algemeen, bied die vraag hoe 'n eie Afrikaanse kultuurstrewe in Suid-Afrika ontstaan het, 'n prikkelende vraag.[4] Ek dink ook nie dit is nodig om 'n definisie van kultuur te gee nie want, soos Kroeber, glo ek dat historici, t.s.v. onderlinge klemverskille, wel 'n baie goeie aanvoeling het van waarom dit in hierdie beskawingsverskynsel gaan.[5] Dit is net nodig om te beklemtoon dat kultuur alle skeppinge en uitinge van die menslike gees, hand en ver= stand omvat en dat dit in 'n baie ingewikkelde verhouding tot alle lewens= fasette van die mens staan. T.S. Eliot het dan ook met die insig van 'n ryk en ryp gees onderskei tussen die "varieties of loyalty" van die basiese kultuureenheid, "the people who live together and speak the same language".[6] Huizinga met sy besondere gevoeligheid vir die fyn ewewig tussen die algemene en die unieke, stel dit duidelik dat enige kultuurgeskiedenis by 'n morfologiese studie moet begin, alvorens dit sigself tot die algemene kan wend.[7] Kultuurgeskiedenis soek daarom "naar de vormen van leven, gedachte, gebruik, weten, kunst,"[8] is die "vormen van samenleving, van bedrijf, van godsdiensvereering, van recht en wet, van gedachte, van kunstschepping, van uitdrukking in het woord,

van staats- en volksleven...in actu," [9] "blijven de vormen van ver= leden geest, die zij tracht te verstaan, altijd gezien midden in den stroom van het gebeuren," [10] en beweeg van die "bijzondere vormen" [11] na die "diepere en algemeene". [12]

Die kultuuruitinge en -lewe van 'n gemeenskap is dus veel meer as wat in die volkskunde die hoë of bokultuur en die onderkultuur genoem word. [13] Dit behels die totale lewenstyl van die volk, groep of ge= meenskap wat deur talle faktore in ewewig gehou word, maar wat terself= dertyd aan 'n voortdurende proses van verandering onderhewig is deur "conditioned or learned activities". [14] Kultuur is nie staties nie, maar sommige kulture ondergaan min en stadige verandering, en ander in= grypende en vinnige verandering. In enige volk se kultuurlewe is daar twee pole aanwesig wat teenstrydende kragte uitoefen: tradisie en vernuwing, behoud en verandering, konserwatisme en progressiwisme. Hierdie ewigdurende spanning kan skeppend óf versmorend wees.

Die kultuurlewe van enige volk of groep is dus iets natuurliks wat, afhangende van die ingewikkeldheid van die omstandighede waarbinne só 'n kultuur sigself ontplooi, die historikus in 'n meerdere of mindere mate ontplooi, die historikus in 'n meerdere of mindere mate interesseer. Die kulturele wording en ontplooiing van die meeste Wes-Europese volke lê versluier in die verre verlede en kan daarom kwalik deur die historikus met sy afhanklikheid van geskrewe bronne, behoorlik bestudeer word. Suid-Afrika en die Afrikaner in die besonder is hierop 'n uitsondering. Suid-Afrika is 'n unieke laboratorium van kulturele wordings- en verwor= dingsprosesse wat vir die antropoloog, die sosioloog en die historikus unieke studie-geleenthede bied. Die tydperk van bewuste, beplande en georganiseerde kulturele ontwikkeling by die Afrikaner is maar 'n bietjie meer as 'n eeu oud en het in die volle aanskyn van die joernalistiek in die openbare lewe geskied. Die gedokumenteerdheid daarvan maak dit dus 'n toeganklike navorsingsterrein vir die historikus. Die voorafgaande meer as twee eeue van stille en byna onbewustelike akkulturasie, diffusie, beïnvloeding, verandering en ontplooiing, is daarenteen heelwat swakker gedokumenteer en moeiliker om in sy wydte en diepte te peil en te ver= staan. Tog vorm dit die baie belangrike voorbereidingsfase waarop ek in hierdie referaat kortliks die aandag wil vestig.

Daar bestaan talle deelstudies oor aspekte van die Afrikaner se kultuurgeskiedenis. Tot 'n werklike integrasie en geheelsiening is daar egter nog nie gekom nie. C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar se driedelige KULTUURGESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANER [15] behandel tematies 'n verskeidenheid aspekte, van die geskiedenis tot die skilderkuns, maar dit is afsonderlike temas wat nie die kultuurgeskiedenis as 'n eenheid van binne deurskou nie. Die verkorte nuwe uitgawe [16] wat net een band beslaan, is ook nie 'n eenheid met 'n historiese rypheid en rykheid nie. Een van die groot behoeftes is 'n verstaan en vertolking, en gevolglik 'n periodisering, van die kultuurgeskiedenis in eie reg. In sy ambisieuse werk DIE ONTWIKKELING VAN DIE POLITIEKE DENKE VAN DIE AFRIKANER [17] gee G.D. Scholtz in elke band breedvoerig aandag aan die kultuur, meer as wat nog in enige ander werk gedoen is. Dit bly egter 'n totale onderdeel van die politieke geskiedenis en daarom beperk tot die politieke en openbare stryd. Die enigste poging tot periodisering wat nie politieke gebeure as maatstaf gebruik nie, [18] verdeel die kultuurgeskiedenis in vyf periodes nl. die Nederlandse agtergrond, die wordingstydperk, die kultuurstryd tot 1870, die stryd tussen 1870 en 1900 en die ontwikkelinge na die Tweede Vryheidsoorlog. Dit is egter verskraalde stof wat daarin

vervat is en talle belangrike aspekte word glad nie behandel nie, terwyl die taalstryd die tema oorheers. P.W. Grobbelaar se reeks [19] het geen innerlike samehang nie en is te wisselend in gehalte. Die onderskeie boekdele is waarskynlik na beskikbaarheid en nie volgens 'n eie historiese beskouing nie gekies. Abel Coetzee se studie oor die Witwatersrand [20] het meer van 'n eenheid, maar is uit die aard van sy beperktheid tot een streek 'n te lokaalgerigte werk om die wydsheid van die hele land en terrein te dek op 'n tydstip toe die Witwatersrand geen werklike voedingsbron of tipiese voorbeeld van die Afrikaanse kultuurlewe verteenwoordig het nie.

Omdat die Afrikaner se kultuurlewe en -strewe van heel vroeg af in die politieke geskiedenis ingevleg is, kan 'n kultuurhistoriese uitbeelding nie anders as om 'n politieke geladenheid te vertoon nie. Dit betrek noodwendig alle aspekte van Suid-Afrika se geskiedenis: maatskaplike probleme, volkereverhoudinge, onderwys, ekonomie en selfs militêre aspekte. Tog meen ek dat dit wel moontlik is om die kultuurgeskiedenis hieruit te distilleer en 'n eie periodisering te identifiseer. Die stigting van die G.R.A. in 1875 is 'n waterskeiding en die periodes wat daarná volg, verskil merkwaardig van dit wat voorafgaan. Die werk van skrywers soos J. du P. Scholtz,[21] die Nienabers [22] en ander, maak dit duidelik dat ons hierna van 'n periode van ontwaking kan praat. Die Eerste Vryheidsoorlog van 1881 verteenwoordig 'n belangrike as waarom dié periode wentel. Dit bereik 'n paar belangrike hoogtepunte vóór 1890: die erkenning van Nederlands as die enigste voertaal van die onderwys in Transvaal in 1882, as 'n amptelike gebruikstaal in die Kaapse Parlement in 1884 en in die Vrystaat in 1889 deur Ordonnansie 20 wat bepaal het dat onderwys soveel moontlik deur medium van Nederlands moes geskied. Die tydperk vanaf 1890 is een van onsekerheid en soeke wat met die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1909 'n eindpunt bereik [23] want daarna verskyn alhoemeer bloeisels op letterkundige, kuns- en selfs sang- en musiekgebied. Met die amptelike erkenning van Afrikaans in 1925 breek die tydperk wat Van Wyk Louw die tydperk van die organisasies [24] en Abel Coetzee [25] die militante tydperk genoem het, aan. 'n Moontlike verdere periodisering vanaf die veertigerjare wag nog op vertolking.

Ek wil my in die referaat meer bepaald tot die tydperk vóór 1875 wend, die bykans twee en 'n kwart eeu wat deur skrywers gewoonlik as die voorbereidingsjare beskryf word. Met die oog daarop is dit nodig om by 'n aantal probleme stil te staan wat vir hierdie vroeë tydperk van belang is.

2. VERANDERLIKES EN ONVERANDERLIKES

In die begin is opgemerk dat in 'n kultuurlewe daar noodwendig altyd twee pole aanwesig is en dat die aard van die spanningslyne tussen daardie pole bepaal of dit 'n skeppende of versmorende spanning is. Vanuit 'n ander hoek bekyk, kan 'n mens vra wat is die basiese, onveranderlike, permanente in 'n kultuur en wat kan ingrypend verander sonder om die kultuur onherkenbaar te maak of te laat verdwyn. 'n Antwoord op hierdie vraag is van groot belang by 'n bestudering van die ontwikkelingsgeskiedenis van die Afrikaanse kultuurlewe. Terwyl 'n kultuur uit 'n ryke verskeidenheid lewensvorme en lewensuitinge bestaan, is daar myns insiens drie fundamentele elemente wat weliswaar vormwysiginge ondergaan, maar wie se vrye en onbelemmerde bestaan 'n voorvereiste vir die bestaan van 'n kultuur is: 'n lewende en groeiende taal, 'n gebied waar die draers van die kultuur binne een verband in 'n simpatieke struktuur saamwoon,

en 'n sinryke kultuurinhoud uitgedruk in bepaalde geesteswaardes wat deur die meerderheid van die groep aanvaar en tot eie besit gemaak word. Die verskeidenheid ander uitingsvorme en lewensvorme soos dit in die materiële en geesteskultuur, die huislike en gemeenskapslewe, die ge= bruike en gewoontes, tot uitdrukking kom, is dié aspekte wat die mak= likste vir veranderinge vatbaar is en waarvan die aanpasbaarheid in werklikheid 'n voorvereiste vir 'n lewenskragtige kultuurlewe is. Daar sal moet nagegaan word wat die relatiewe posisie van hierdie elemente in die tydperk vóór 1875 was.

° Nasionalisme, nasionale bewussyn, politieke bewussyn, groeps= besef en volksbewussyn is begrippe wat vry algemeen in die geskied= skrywing oor die Afrikaner gebruik word. Dit is vir my onderwerp ook van groot belang om die verwantskap van hierdie begrippe met die Afri= kaanse kultuurstrewe na te gaan. Met nasionalisme word bedoel dat die belange van die volk sentraal gestel word. Daar is dus 'n bewuste nastrewe van sekere ideale en belange wat bowe-individueel en in belang van die volk is. 'n Politieke bewussyn impliseer dat mense 'n begrip het van die politieke proses en dat hulle daarom planmatig en doelbewus daaraan deelneem en waarde daaraan heg om ingelig oor en betrokke by politieke gebeure te wees. Hulle staan dus nie afsydig teenoor die politiek nie. 'n Volksbewussyn is vir die ontstaan van nasionalisme noodsaaklik, want dit vereis 'n eenheidsgevoel en -strewe en die formu= lering van ideale wat nagestreef kan word aan die hand van sekere waar= des waarmee 'n beduidende groot groep van die volk hulle vereenselwig.

'n Volks- en nasionale bewussyn kan bewus- of onbewustelik aanwesig wees, latent, stilswygend of aktief. Die normale situasie in groot en sterk kulture is dat dié bewussyn stilswygend aanwesig is en deurwerk. Met normaal word bedoel dat die volk die volle spektrum van die menslike samelewing van die laagste arbeider tot die hoogste geleerde of vors omvat, dat dit 'n eie soewereine gebied bewoon, dat dié inwoners 'n eie taal besit wat volledig deur hulle gebruik word en in volledige wissel= werking met die omringende fisiese en geesteswêreld verkeer. Die mense vertoon 'n sterk onderlinge verbondenheid en deel 'n reeks gemeenskaplike geestesbesittinge waaraan hulle besondere waarde heg. Vanuit hierdie onbetwiste basis vind die ontmoeting met die vreemde plaas, word daar gesif, geselekteer en in die eie kultuurlewe nuwe dinge opgeneem.

° By die Afrikaner het só 'n situasie nooit bestaan nie. Die natuur= like kulturele groeiproses was afwesig. 'n Groot getal van die neder= setters aan die Kaap het weliswaar oorwegend sekere kulturele kenmerke gehad soos byvoorbeeld dat hulle Nederlands gepraat het, van dieselfde land en uit dieselfde kulturele tradisiekring gekom het en sekere geesteswaardes in 'n mindere of 'n meerdere mate besit het. Maar 'n be= duidende groep het nie hierdie eienskappe gedeel nie. Die bevolking was dus geen homogene groep met 'n eie groepsbesef nie, en selfs dié kulturele kenmerke wat hulle met hulle meegebring het, was oënskynlik nie iets waaraan hulle bewustelik waarde geheg het nie. Die nedersetting is deur 'n handelsmaatskappy gestig met die uitsluitlike doel om dit vir verbetering van sy winste te benut. Hy het daarom die nedersetting soos 'n sake-onderneming bestuur en hom aan ander behoeftes of ideale vrywel min gesteur. Die meeste nedersetters was 'n amorfe versameling uit die laer stande van Nederland en Duitsland. [26] Aan die Kaap het hulle van die begin af met 'n reeks faktore in aanraking gekom wat vir hulle lewen= styl en -gewoontes vreemd was en wat daarom 'n invloed moes uitoefen op die wyse waarop hulle hulle materiële en geesteskultuur by dié omstan= dighede aangepas het. Sommige skrywers lê klem op die uitwerking van die radikaal andersoortige klimaat, [27] op die totaal ander fisiese om= gewing as waaraan hulle in die waterland gewoond was, [28] op die baie

klein getalle en op die aanraking met 'n verskeidenheid vreemde en primitiewe kulture. [29] As ons al hierdie omstandighede in aanmerking neem en dit saam lees met die feit dat Nederland op hierdie tydstip op kulturele gebied 'n goue eeu beleef het en een van die leidende lande van Europa op die gebied van die skilderkuns, die letterkunde en die regs- en teologiese wetenskappe was, [30] dan is die prosesse van kulturele verval en agteruitgang wat aan die Kaap ingetree het, des te interessanter. Die mense in die Kaapse nedersetting het 'n blote bestaanslewe gevoer, afgesny van die geesteswaardes en die intellektuele en kulturele prikkels van die moederland sonder die sterk stimulerende invloed van die goue eeu op hul daaglikse lewenstyl. [31]

° Reisigers is dan ook van tyd tot tyd aangespreek deur die kulturele veranderinge wat hulle aan die Kaap waargeneem het en die agteruitgang en verval wat dit vir hulle, komende uit Europa met sy sewentiende en agtiende eeuse intellektuele en kulturele hoogbloei, verteenwoordig het. [32] Otto Mentzel, wat van 1732 tot 1740 aan die Kaap was, vertel van die vervlakking wat in hulle kennis en belangstelling in ander dinge as die boerdery ingetree het, [33] terwyl 'n dame, mev. Kindersley, in 1764 van dieselfde toestand skryf dat hulle "live with comfort" maar "their ideas and their wants are few, and there is that happy constitutional dulness in the Dutch, which keeps them perfectly satisfied without either business or pleasure to occupy their minds". [34] Dieper die binneland in onder die veeboere, was die posisie nog swakker en Thomas Pringle, hoewel hy met waardering van hulle as bure praat, beskryf hulle as ongekultiveerd. [35] Hierdie beskrywing is matig as dit vergelyk word met die verdraaide beeld wat John Barrow van die hele bevolking die wêreld ingestuur het: hulle is lui, hard en wreed, onontwikkeld en oppervlakkig en wend geen poging aan tot geesteskulturele ontwikkeling of geleerdheid nie. Hulle lewe is op grenslose gemak ingestel en hulle maatskaplike vorms en sosiale lewe is leeg. [36] Die beeld wat Barrow geskep het, was een wat dwarsdeur die negentiende eeu baie populêr was, veral by Engelse skrywers. [37]

°Die belangrikheid van reisbeskrywings as bron vir die kultuurgeskiedenis staan bo alle twyfel. Terwyl hulle in besonderhede oor die plantegroei en dierelewe en die inheemse kulture skryf, is die gegewens oor die Afrikaner se kultuurlewe egter skraal, beperk tot sekere fasette en dikwels glad nie betroubaar nie. Dit het die SOUTH AFRICAN COMMERCIAL ADVERTISER reeds so vroeg as 1824 laat sê: "We have seldom seen in writing a good description of Colonial life...to which we can refer for a manly view of the character and pursuits of Colonists...of the domestic, daily, inward life habits and mode of thought of a whole people, what a mass of ill-balanced misrepresentations... The truth is, a country can be faithfully described by none but its own inhabitants."[38]

°Historici vestig die aandag op 'n aantal faktore wat vir hierdie agteruitgang verantwoordelik was: die onsimpatieke houding van die Kompanjie wat hom min oor die opheffing van die koloniste bekommer het; die ernstige gebrek aan predikante, kerke, onderwysers en skole; die verspreidheid en isolasie van die bevolking; die gebrek aan kontak met die moederland en die invloed van die Suid-Afrikaanse fisiese en menslike omgewing, veral die daaglikse aanraking met laer kulture; en die oorheersing van die boerdery as bestaansvorm. [39] John Fairbairn, wat as 'n nuweling uit 'n redelik ontwikkelde omgewing en kulturele agtergrond na Suid-Afrika gekom het met die ideaal om hier groot dinge te doen en die "Franklin of the Kaap" te word, [40] het die geesteskulturele onderontwikkeldheid van die Kaapse koloniste ontleed en tot die gevolgtrekking

gekom dat, soos in alle koloniserende lande die geval was, die kom= panjie en die koloniste hulle te veel toegespits het op "commercial gains, and (are) too careless of the moral and intellectual improvement." Dit is die regering se plig om mense te versorg en tot opheffing aan te moedig. Daarsonder moet die koloniste noodwendig in toenemende mate die kenmerke van hulle primitiewe omgewing aanneem. [41] Die primitiewe om= gewing het enersyds 'n negatiewe en andersyds 'n positiewe rol in die kulturele ontwikkelingsproses gebied. Die positiewe rol, soos ek aanstons sal probeer aantoon, was die eerste prikkel tot kulturele ont= wikkeling.

°Twee ander aspekte waarop reisigers die aandag gevestig het, is die wyse waarop die koloniste in die agtiende eeu 'n eie identiteit ont= wikkel het, 'n eie naam vir hulself gegee het [42] en 'n nuwe gevoel vir hul eie vaderland teenoor wie hulle 'n egte gebondenheid geopenbaar het, ontwikkel het. [43] Hoewel hulle steeds waardering vir die band met Nederland gehad het en graag besoekers uit Nederland oor die moederland uitgevra het, het hulle 'n liefde vir en 'n trots op die eie vaderland ontwikkel wat meegebring het dat hulle dit as selfs veel beter as die ou moederland beskou het. [44] Historici aanvaar dat die proses wat in 1657 met die instelling van vryburgers heeltemal onbewustelik begin is, teen ongeveer 1800 voltrek was: 'n nuwe volk is gebore wat deur hulle= self so beskou is en deur ander as sodanig aanvaar is. [45]

°Waaruit is hierdie nuwe volk opgebou? Hierdie vraag het navorsers vroeg reeds geïnteresseer en tot 'n volgehoue belangstelling in die genealogiese samestelling van die Afrikaner gelei. [46] Die oorspronk= like berekeninge van Bosman, wat 'n korreksie op Colenbrander verteen= woordig het, het die bydraes van die onderskeie samestellende dele op Nederlands 53%, Duits 28%, Frans 15% en ander 4% [47] gestel. Dié be= rekening is onlangs deur dr. Heese verder gekorrigeer. [48] Sy bevinding is dat die Duitse bydrae tot die genealogiese samestelling veel groter en die Nederlandse veel kleiner is as wat Colenbrander of Bosman bere= ken het en dat die Nie-blanke bydrae ook hoër is. Sy berekeninge is vir 1808 en 1867 onderskeidelik gemaak en is soos volg:

1657 - 1808: Nederlands 36,8%; Duits 35%; Frans 14,6% Nie-blank 7,2%; Brits 0%; Ander 2.9%; Onbekend 3,5%.
1657 - 1867: Nederlands 34,8%; Duits 33,7%; Frans 13,2%; Nie-blank 6,9%; Brits 5,2%; Anders 2,7%; Onbekend 3,5%.

Die basiese struktuur van die taal is egter ongetwyfeld Nederlands, [49] wat daarop dui dat t.s.v. die agteruitgang hierbo genoem, die kultuur 'n sterk genoeg basis gehad het om die Franse, Duitse en ander kultuur= elemente te absorbeer en tot 'n nuwe te verwerk.

°Soos in die begin opgemerk is, is daar 'n belangrike verskil tussen die natuurlike, spontane en onbewuste uiting en die bewuste, doelgerigte en planmatige bevordering van 'n ideaal deur 'n kultuurstrewe wat nie los van die politiek hoef te staan nie, maar tog ook nie identies daarmee is nie. Op die vraag wanneer die onbewuste na die bewuste oorgegaan het, is daar onder historici verskillende aksente. Sommige meld dat 'n groepsbewussyn reeds in die sewentiende eeu aanwesig was en dat die Patriotte-beweging in daardie gees vertolk moet word. [50] Ander sien die Groot Trek as die uiting van 'n volksbewussyn wat in die voorafgaande tydperk ontwikkel het, [51] terwyl 'n derde groep die afwesigheid van so 'n besef by die Groot Trek beklemtoon. [52] Van Jaarsveld vestig die aandag op die ernstige verdeeldheid en onderlinge naywer in die Z.A.R.

en dat 'n werklike eenheidsbesef eers geleidelik in die Vrystaat ontwaak het a.g.v. die anneksasie van Basoetoeland in 1868 en die diamantvelde in 1871. Dit brei uit na die Kaapkolonie en kom eers in die Transvaal tot uiting na die Shepstone-anneksasie en die gebeure wat die aanloop tot die Eerste Vryheidsoorlog vorm. Hy beklemtoon dat die Afrikaner nie uit sy eie geesteskulturele krag tot só 'n ontwikkeling in staat was nie, en dat dit net teweeggebring is deur die reaksie op 'n uitwendige prikkel, nl. Britse optrede. Hierdie reaksie openbaar sigself in 'n snelle toename in politieke belangstelling en betrokkenheid en lei tot die groei van 'n sterk nasionale bewussyn. As een van die belangrike eienskappe van hierdie bewussyn noem hy die Afrikaner se bewuswording van "sy kulturele eienskappe en taal, sy sedes, gebruike en gewoontes en veral godsdienstige gesindheid. In die Suide het die klem meer op kultuur as op politiek geval." [53] Tog toon J. du P. Scholtz op oortuigende wyse aan dat die taalbeweging in die suide as suiwer kulturele beweging nie op dreef gekom het voordat dit nie deur die ontwaking van 'n politieke bewussyn en die groei van 'n politieke beweging 'n belangrike openbare aksie geword het nie. Die politieke aksie het tot 'n georganiseerde en bewuste kultuurlewe en -aksie gelei. [54]

°Is die Afrikaanse kultuurlewe dus 'n blote reaksie op eksterne prikkels en 'n neweproduk van politieke aksie? Hierdie vraag vereis 'n dieper kyk in die kulturele proses van die voorafgaande twee-en-'n-kwart eeu. Ten einde dit te doen is dit belangrik om die hoofelemente van 'n eie kultuur in gedagte te hou. Vyf hoofelemente is na my oordeel hier ter sprake waaronder talle newegeskiktes geklassifiseer kan word: Godsdiens en kerklike lewe; Onderwys en opvoeding; Lewensvorme en lewenstyl soos dit in al die samelewingsverbande van huisgesin tot sosiale en politieke verkeer tot uitdrukking kom; Materiële kultuur waardeur die omgewing beheers, bewerk en tot sinryke harmonie met die lewensvorme gebring word; en die hoëre geestesskeppinge van letterkunde, kuns, musiek ens. Vir die toepassing van hierdie maatstawwe op die Kaapse koloniste van 1652 tot ongeveer 1875 wil ek dié tydsverloop graag in twee tydperke verdeel en dit tipeer as die oorgangstydperk van onbewuste ontkieming (1652 tot ongeveer 1824) en dan die tydperk van worsteling (ongeveer 1824 tot 1875).

3. ONTKIEMING

Die oorgang wat deur die fisiese verskil tussen die waterryke Nederland en die invloed wat dit op die lewensvorme en -wyse van sy inwoners gehad het, en die droë Kaapkolonie meegebring is, was in werklikheid simbolies van die kulturele oorgang. Wat in Nederland op kulturele gebied weelderig gegroei het in 'n vrugbare aarde het aan die Kaap óf nie wortel geskied nie óf gou verdor óf 'n nuwe lewe in 'n totaal ander geesteskulturele klimaat gevind. Hierbo is reeds betoog dat as gevolg van die geestes-intellektuele milieu waaruit die nedersetters gekom het, daar in werklikheid min van die kulturele ryk saad uit Europa na Suid-Afrika gekom het. Daar word gewoonlik onderskei tussen drie groepe of sosiale klasse aan die Kaap nl. die amptenary en ander inwoners van Kaapstad, die bewoners van die buite-Kaapstad omgewing wat die wyn- en graanboere tot in die Suid-Kaap ingesluit het, en die veeboer-pioniere van die binneland. Dit was geen strakke groepering nie en mense het tussen dié groepe beweeg. [55] Dat daar egter 'n gaping was en dat die gaping die moontlikheid ingehou het dat die groepe kultureel heeltemal van mekaar kon weggroei, was seker. Die groter armoede en isolasie van kerk en skole wat die lot van die inwoners diep in die binneland was, het die werking van kulturele bindingsfaktore wat wel aanwesig was, des te merkwaardiger gemaak. Die verspreiding wat deur die Groot

Trek teweeggebring is, en die nuwe geesteskulturele en politieke her=ontmoeting tussen noord en suid veertig tot vyftig jaar later, is 'n aanduiding dat daar sterk bindingsfaktore en gemeenskaplikhede aanwesig was en dat t.s.v. individuele uitsonderings, 'n lyn getrek is waar kulturele vervlakking en ontbinding gestuit is.

Besoekers uit Europa, en veral uit Engeland nadat die Kaap in Britse hande oorgegaan het, getuig van hierdie omstandighede nie net in die Kaapkolonie nie, maar ook in die Vrystaat en Transvaal. Dit is die gemeenskaplikhede en nie die verskille nie wat hulle opval. M.D. Teenstra verklaar in 1825: "Die Hollandse taal en zeden blijven hier de hoofdoel spelen...." [56] 'n Britse joernalis het in 1879 'n soortgelyke waarneming gedoen: "De Hollandse grondeigenaars vormen een afzonderlijke klasse; ten opzichte van de inboorlingen nemen zij de positie van aristocraten in, maar ten opzichte van elkander zijn zij zuiver democraten. De Hollanders zien laag neer op de Engelsche kolo=nisten, die handel drijven en in steden wonen, omdat zij niet gehecht zijn aan den grond zooals de rechtgeaarde Afrikaander. De Engelsche pachter echter wordt als een gelijke beschouwd en binnen weinig jaren is hij feitelijk, wat zijn politieke- en denkwijzen aangaat, niet van zijn Hollandsche medekolonisten te onderscheiden dan alleen mischien door zijn grootere heftigheid". 'n Engelse blad in Grahamstad het in dieselfde tyd op die gemeenskaplike kenmerke klem gelê: "Is er een conservatief, een aristocratisch ras ter wêreld, de Hollandsch koloniale Afrikaanders zijn het". [57] J.W.D. Moodie getuig in 1837 hoedat, t.s.v. die groot afstande en afgesonderdheid "The manners and habits of the Dutch have an extraordinary similarity from one extremity of the Colony to the other" en "They seem indeed to be all fashioned after one model; and few individual peculiarities are to be found in one character that may not be possessed in a greater or smaller degree in another." [58]

Die godsdiens van die Afrikaner en sy begeerte om nie te versink tot 'n peil waar die skeidslyn tussen sy beskawing en die laer primitiewe kulture van sy omgewing verdwyn nie, was die twee sterk stimilante tot geesteskulturele aansluiting by die kernkultuur van die gevestigde streke. Oor die godsdiens en sy rol en invloed getuig haas alle reisi=gers en wetenskaplike werke. Niemand betwyfel die behoudende en be=skawingsrol wat die godsdiens en die kerk onder die besondere omstandig=hede wat in Suid-Afrika gegeld het, gespeel het nie. [59]

Dat hierdie twee faktore 'n deurslaggewende rol gespeel het in die kulturele selfbesef van die Afrikaner, het tydgenootlike waarnemers besonder opgeval. Daarom praat Aylward so laat as 1881 van die Afrika=ner se "adherence to virtue, their fidelity to religion, and their steadfast clinging to old customs and old ways through long periods of contact with an ever-present barbarism, and of separation from every refining and conservative influence." [60]

Die redelike en gemaklike manier waarop die groot dog verspreide Duitse en die klein maar gekonsentreerde en ontwikkelende Franse immi=grante in die kompanjiestyd geabsorbeer is, toon dat die kulturele lewe sterk genoeg was om die assimilasie te hanteer sonder enige skokke.

Dit is eers deur kultuurhistoriese navorsing in die twintigste eeu dat die onderliggende kulturele eiendomlike wat agter die halstarrige "customs en manners" waaraan so vasgeklou is verskuil was, blootgelê is. Dit is hierdie taaie onderlaag wat aan die een kant die kwaaiste weer=stand teen verandering gebied het, maar uiteindelik oor die loop van 'n lang tydperk a.g.v. verstedeliking die ingrypendste verander is. C.M. van den Heever het iets hiervan begryp toe hy verklaar het dat die

wesenlike oorsprong van die Afrikaanse kultuurlewe lê in die daaglikse lewenstyl en handelinge van die koloniste wat Afrikaners geword het. [61]

Die pragtige boukuns van die Kaaps-Hollandse huise, van die "opstalle" van die pioniers en die talle variasies op die Europese kapsteilhuise wat op die voorposte hulle verskyning gemaak het, word vandag met groot erkentlikheid bejeën. [62] Die meubelkuns, [63] die kookkuns, [63] die volkse letterkunde en musiek, [64] eie lewensvorme en lewenstyl en die inrigting van huis en haard, en die unieke aanpassing van hulle lewenstyl by die veeboer-pionier se omstandighede, [65] is deur navorsers beskryf. T.s.v. agteruitgang, ernstige verval en ver= waarlosing in die ongetemde binnelande, was daar nog substansiële kultuurelemente aanwesig wat hulle van hulle primitiewe omgewing onder= skei het.

4. WORSTELJARE

Terwyl die godsdiens en die wyse waarop dit die sedes, gebruike en gewoontes bepaal het, die vernaamste stukrag in die kultuurlewe was, was die begeerte tot 'n minimum van kulturele selfhandhawing die prikkel om verval te stuit. Die prikkel was egter nie sterk genoeg om tot meer as blote selfhandhawing van die kenmerke van die beskawing te lei nie. Die uitdaging was nie van so 'n aard dat dit 'n appél op 'n diepere een= heidsbesef en geesteskulturele opheffing kon maak nie. Die ekonomiese en politieke omstandighede was ook nie daarvoor geskik nie.

Die Britse bewind het hierdie drie afwesige elemente bygebring: 'n dwingende uitdaging en ekonomiese en politieke ontwikkelinge wat nuwe moontlikhede en geleenthede gebring het. Laasgenoemde twee laat ek vir die doeleindes van die kort referaat buite rekening. Die uitdaging was 'n veelsydige en kragtige invloei van die Britse geesteskulturele sisteem en het basies twee aangesigte gehad: die doelbewuste, planma= tige en stelselmatige uitwissing van die Afrikaanse kultuurlewe en die vervanging daarvan deur die Britse soos o.a. beliggaam in Somerset se angliseringsbeleid en die afskaffing van alle vorme van moedertaal= onderwys in die Kaapkolonie deur Wet 13 van 1865. Die ander was die stille, onbewuste en dikwels onstuitbare proses van verengelsing op die gewone alledaagse vlak as gevolg van die geweldige suigkrag van 'n bloeiende en lewenskragtige kultuur teen 'n swak kultuur in 'n baie moeilike wordings- en oorgangstadium. Wat teen ongeveer 1800 ontkiem het, het teen 1806, en veral 1820, nog geen kans op verstewiging gehad nie.

Die baie jong en hulpelose Afrikaanse kultuurlewe was inderdaad in die smeltkroes: hy sou òf versmelt tot 'n Britse kultuur òf hy sou ge= wysig maar sterker daar uitkom. Die kultuurgeskiedenis van dié tydperk vertoon 'n interessante tweekantigheid. Aan die een kant vorder die dekulturasieproses vinnig omdat die magsposisies deur Engelse amptenare en sakelui beklee word, die onderwys as dekulturasiemedium ingespan word totdat selfs die N.G.Kerk vanaf 1857 betrek word, en omdat die sosiale en kulturele aktiwiteite 'n hoogs modieuse Engelse stempel verkry. Terselfdertyd word die tydperk gekenmerk deur ontwikkelinge wat nie as reaksie bedoel was nie, maar wat in hulle langtermynnawerking tog daar= die gevolg gehad het. Die Hollands-Afrikaanse joernalistiek ontstaan in dié tyd en dit sou op kulturele en eventueel op politieke gebied 'n kragtige nuwe faktor naas die kerk en die onderwys daarstel. Deur hier= die medium is gesprekke, gedagtes en idees aan die gang gesit wat later tot verrassende ontwikkelinge sou kom.

Daarom neem dié tydperk vir my 'n aanvang met die stigting van die eerste Hollandse tydskrif in Suid-Afrika, die NEDERDUITSCH ZUID-AFRIKAANSCHE TIJDSCHRIFT in 1824 deur ds Abraham Faure. Dit was nooit ds Faure se bedoeling om hom doelbewus te verset teen verengelsing nie want hy het dit as die uiteindelike lot van die Kaapkolonie aanvaar. In werklikheid het die stigting van die tydskrif twee belangrike langtermyngevolge gehad. Dit was die beliggaming van die beginsel dat die Hollandse taal 'n eie aanspraak en die Hollandse (Afrikaanse) kultuur 'n eie bestaansreg het. Daarom was dit die begin van die dupliseringsproses wat so eie aan Suid-Afrika is. Dit word byvoorbeeld weerspieël in die stigting in 1834 van die Maatschappij tot Verbreeding van Beschawing en Letterkunde 63) wat, hoewel nie uitdruklik so gesê nie, 'n teenhanger was vir die Cape of Good Hope Literary and Scientific Society wat in 1831 gestig is. Die stigting van 'n hele reeks koerante en tydskrifte, veral kerklik-godsdienstiges, in die vyftig jaar hierna, is bevestiging van die rol en betekenis van hierdie nuwe kragte. De Zuid-Afrikaan (1830), De Ware Afrikaan (1838), De Meditator (1836), De Express (1862) en De Volkstem (1873) om net enkeles te noem, se rol op geesteskulturele gebied is nog nooit nagevors nie. Die feit dat die G.R.A. met 'n eie koerant geloods word, is 'n bevestiging van dié rol. Wat dit des te merkwaardiger maak, is dat dié blaaie 'n worstelbestaan onder 'n nie-leesbewuste volk moes maak.

Op die korttermyn het hierdie joernalistieke ontwaking egter in die teken van die nuwe strewe na samesmelting gestaan. Die COMMERCIAL ADVERTISER en sy redakteur John Fairbairn het in 1824 'n doelbewuste poging aangewend om die Afrikaner positief teenoor die Engelssprekende te stem met die oog op samesmelting. 66) Die bittere koeranttwiste van die dertigerjare het nie verhoed dat DE SUID-AFRIKAAN en DE WARE AFRIKAAN ten spyte van hulle skerp teenkanting teen die ADVERTISER, die eenheidstrewe sterk beklemtoon het nie. 'n Mens moet maar DE ZUID-AFRIKAAN en DE WARE AFRIKAAN se hoofartikels lees om die worsteling tussen twee kulturele aansprake te begryp: aan die een kant 'n begeerte tot lojaliteit en samewerking met die owerheidsgesag en die Engelse koloniste en aan die ander kant 'n aanvoeling van die gevaar van dekulturasie.

Verset teen verengelsing was nie 'n wesenlike faktor in die eerste jare nie. Leiers soos Christoffel Brand in Kaapstad was nie teen die uiteindelike oogmerke van samesmelting gekant nie en het ook die verengelsing van die staatsdiens en die onderwys aanvaar. Waarteen hy en ander hulle verset het, was teen die pogings om Hollands uit te wis. 67) Dit is ook 'n tydperk van samewerking tussen sekere Engelse koloniste en die meerderheid Afrikaanse koloniste, eers teen lord Charles Somerset en later teen die sg. "anti-colonial party" van dr John Philip, Fairbairn e.a. 'n Werklike ontmoetingsruimte word geskep, maar die verlangde eenheid of samesmelting kom nie totstand nie. Dit is 'n tema wat nog op indringende navorsing wag, en is vir die geskiedenis van die Afrikaanse kultuurlewe van groot belang.

'n Mens kan 'n aantal faktore identifiseer wat daartoe gelei het dat samesmelting nie geslaag het nie.

In die eerste plek was die bindingselement nl. 'n gemeenskaplike opposisie teen Somerset en die Philip-groep 'n swak krag, sonder enige inherente innerlike draagkrag en oortuiging. Dit was eerder 'n opportunistiese samewerking wat met die verdwyning of verswakking van die oorsaak van die samewerking outomaties ontbind het. 'n Innerlike eenheid het nie ontstaan nie.

Tweedens het die Groot Trek en die Britse optrede daarteen 'n hele nuwe dimensie gebring wat weliswaar 'n groot mate van verwarring en on= sekerheid by die agtergeblewenes gebring het a.g.v. die houding van die Kaapse Kerk. Daar was egter genoeg simpatie by die koloniale Afrikaners om tot 'n eie houding teenoor die Groot Trek te kom.

Streak vestig die aandag op 'n derde faktor nl. die "increasing problem of English exclusiveness" en die feit dat die Engelse koloniste in 'n toenemende mate hulself as van 'n "higher moral calibre" as die Hollandse koloniste beskou het. [68] Terwyl isolasie 'n sterk negatiewe invloed op kulturele ontwikkeling uitgeoefen het, het dit ook 'n positiewe uitwerking gehad deurdat dit groot groepe afgesonder het van die sterk sentra van verengelsing. [69] Dieselfde dubbelslagtigheid blyk uit die invloed van 'n vyfde faktor nl. die aggressiewe wyse waarop die dekultu= rasieproses aangepak is wat, indien dit as 'n natuurlike sosialiserings= proses aangepak is, waarskynlik tot volkome verengelsing sou gelei het. [70] J. du P. Scholtz het bevind dat indien die verengelsingsproses tot die staatsdiens beperk sou gebly het, die kenmerkende aanvaarding van die eerste dekades ná 1820 waarskynlik sou voortgeduur het. Die besluit om die kolonie en alle opsigte te verengels deur ook kerk en onderwys te betrek, het hewige reaksie uitgelok. [71] 'n Laaste faktor wat 'n rol ge= speel het, was die inisiatief en die ondernemingsgees van 'n aantal individue soos bv. Christoffel Brand en sy vriendekring van "patriotte", ds G.W.A. van der Lingen en ander dikwels ongenoemde predikante, C.E. Boniface en ander in die joernalistiek, S.J. du Toit en ander in die onderwys en J.H. Hofmeyer. Uit hulle geledere het mense gekom wat 'n alternatief begin formuleer het wat later lewenskragtig sou blyk te wees. Die groot vordering wat die dekulturasieproses gemaak het, is deur hulle optrede gestuit. Soos in die eerste tydperk het daar ook van die tweede tydperk 'n harde kern gebly wat nie deurdring is nie. Vir die kultuur= geskiedenis lê dáár nog 'n groot navorsingsterrein braak om daardie kern bloot te lê. Om daardie kern in sy diepste wese te ken en te verstaan, is 'n hele aantal indringende en vergelykende morfologiese studies soos biografiese studies nodig, is 'n intensiewe studie van verskillende lands= dele se plaas-, dorps- en stedelike kultuur nodig. Kerk- en onderwys= geskiedenisse het ons baie, maar nog nie 'n werklike sintese van die kerk en die onderwys se kulturele beïnvloeding en bewaring nie.

PROF P H KAPP
Randse Afrikaanse Universiteit
JOHANNESBURG
22.5.18

1. A.L. Kroeber: Anthropology: culture patterns and processes, p. 62. (Harcourt, Brace & World, New York, 1963).

2. M.J. Herskowitz: Cultural Anthropology, p.315.(Knopf, New York, 1953).

3. H. Koht: Driving forces in History. (Harvard University Press, 1964).

4. J. Huizinga: Kort begrip van den aard der geschiedenis als cultuur= verschijnsel en als Wetenschap, in Verzamelde Werken VII, p. 180. (H.D. Tjeenk Willink en Zoon, Haarlem, 1950).

5. Vgl. Kroeber se uitspraak in: An Anthropologist looks at History, p.152. (University of California Press, 1966). Hy sê as volkekundige dat historici "operate with a non-technical psychology, a psychology of generic experience and common understanding".

6. T.S. Eliot: Notes towards the definition of culture, pp. 20 en 23. (Faber en Faber, Londen, 1948).

7. J. Huizinga: De taak der cultuurgeschiedenis, in Verzamelde Werken VII, p. 81.

8. Ibid., p. 77.

9. J. Huizinga: De Wetenschap der Geschiedenis, in Verzamelde Werken VII, p. 137.

10. J. Huizinga: De taak der cultuurgeschiedenis, in Verzamelde Werken VII pp. 82-83.

11. Ibid., p. 81.

12. Ibid., p. 45.

13. J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde. 2 dele (W.J. Thieme, Zutphen, g.d.)

14. A.L. Kroeber: Anthropology: cultures and processes, p. 61.

15. C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar (reds.): Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. 3 dele. (N.P.B., Kaapstad, 1945).

16. P. de V. Pienaar (red): Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. (N.P.B., Kaapstad, 1968).

17. Perskor-uitgewery, Johannesburg 1967 - 1980. Agt dele.

18. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II. (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1955).

19. P.W. Grobbelaar: Die Afrikaner en sy Kultuur. 6 dele. (Tafelberg, Kaapstad, 1974-1977).

20. A.J. Coetzee: Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand. (Johannesburg, 1937).

21. J. du P. Scholtz: Die Afrikaner en sy taal, 1806-1870. (Nasou, Kaapstad, 1964).

22. G.S. en P.J. Nienaber: Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging. (Van Schaik, Pretoria, 1941).

23. L.H. Claassen: Die ontstaansgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. (M.A., RAU, 1977).

24. N.P. van Wyk Louw: Gevare vir ons Kultuurstrewe. Die Huisgenoot, 17.3.1939, pp. 17 en 59.

25. A.J. Coetzee: Op.cit., pp. 276-285.

26. J.A. Heese: Die Herkoms van die Afrikanervolk, in P.W. Grobbelaar: Die Afrikaner en sy Kultuur I, p. 68.

27. A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volkskultuur, pp. 26-28. (Balkema, Kaapstad, 1960).

28. Anna de Villiers: Ons Nederlandse Voorouers, in Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II, pp. 569-572.

29. G.D. Scholtz: Politieke Denke I, pp. 51-69.

30. Vgl. J. Huizinga: Verzamelde Werken, deel 2.

31. P. Zumthor: Het dagelijks leven in de Gouden Eeuw. 2 Dele. (Prisma-Boeken, Utrecht, 1962).

32. Vgl. G.D. Scholtz: Op.cit., I, pp. 115-117.

33. O.F. Mentzel: Description of the Cape...V.R.V., no.25, p. 118; V.R.V. 6, p. 114; V.R.V. 4, p. 11. (V.R.V., Kaapstad 1944, 1925 en 1921).

34. Kindersly: Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies, p. 63. (Londen, 1777).

35. Thomas Pringle: African Sketches, pp. 169-170. (Londen, 1834.)

36. John Barrow: An Account of Travels into the Interior of Southern Africa in the Years 1797 and 1798, I, pp. 21-22, 47-48, 76-78, 80-81 en II, pp. 104, 387, 393-394, 401. 2 vols. (Londen, 1801 en 1804).

37. Vgl. M. Streak: The Afrikaner as viewed by the English, 1795 to 1854. (D.Phil., RAU, 1972); A.N. Pelzer: Reisbeskrywings in die Suid-Afrikaanse Historiografie, in G. Cronje (red.): Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie, pp. 66-72. (J.L. van Schaik, Pretoria, 1967).

38. S.A.C.A., 10.8.1824.

39. G.D. Scholtz: Politieke Denke I, pp. 215-219; H.B. Giliomee: The Growth of Afrikaner Identity, in Adams en Giliomee: The rise and crisis of Afrikaner Power, pp. 85-86. (David Philip, Kaapstad, 1979); C.C. Nepgen: Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, pp. 111-148. (C.S.V., Stellenbosch, 1938).

40. The Cape Monthly Magazine VII, pp. 374-375.

41. S.A.C.A., 4.2.1824.

42. J.S. Stavorinus: Reize van Zeeland over de Kaap...1774-1778,... II, pp. 309, 320. (Leyden, 1798); C. de Jong: Reizen... 1791-1797, p. 134. (Haarlem, 1802).

43. A. Sparrman: A voyage to the Cape of Good Hope..., p.15. (Londen, 1785); J.B.N. Theunissen: Aanteekeningen eener reis...1823, pp. 75-77. (Oostende, 1824).

44. O.F. Mentzel: Description...V.R.V. 4, pp. 11 en 93. (Hy praat van Afrikanders).

45. Vgl. D.J. Kotzé: Positiewe Nasionalisme, pp. 26-30; J.A. Heese in Die Afrikaner en sy kultuur I, pp. 71-72; G.D. Scholtz: Politieke Denke I, p. 173 en 418, II, p. 107; H.B. Giliomee: The Growth of Afrikaner Identity, in H. Adam en H. Giliomee: The rise and crisis of Afrikaner Power, pp. 98-99.

46. H.T. Colenbrander: De afkomst der Boeren. (1902, geen plek); C.C. de Villiers: Geschlacht-register der oude Kaapsche familien. (Kaapstad, 1893-1894);D.F. du T. Malherbe: Driehonderd jaar nasiebou. (Stellenbosch, 1959).

47. D.B. Bosman: Oor die afkoms van die Boere. (Tydskrif vir Weten= skap en Kuns, Maart 1923).

48. J.A. Heese: Die herkoms van die Afrikaner, 1657-1867. (Balkema, Kaapstad, 1971).

49. D.B. Bosman: Afrikaans en Maleis-Portugees. (Groningen, 1916); D.C. Hesseling: Het Afrikaansch. (Leiden, 1899); S.P.E. Boshoff: Volk en Taal in Suid-Afrika. (Pretoria, 1921); M.F. Valkhof: Studies in Portuguese and Creak. (Witwatersrand U.P. 1966); M.F. Valkhof: New Light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese". (Peetens, Leuven, 1972); H.J.J. van der Merwe: Afrikaans sy aard en ontwikkeling. (Van Schaik, Pretoria, 1968); J. du P. Scholtz: Wording en Ontwikkeling van Afrikaans. (Tafelberg, 1980).

50. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte..., pp. 293-294. (Van Schaik, Pretoria, 1967); M.C. van Schoor: Nasionale en Politieke Bewus= wording van die Afrikaner en Migrasie...pp. 20 en 33. (Argiefjaar= boek, 1963, deel 2).

51. Bv. M.C. van Schoor: Op.cit., p. 92; J.Albert Coetzee: Politie= ke groepering in die wording van die Afrikanernasie, pp. 27-36. (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1941).

52. C.F.J. Muller: Die Oorsprong van die Groot Trek. (Tafelberg, Kaapstad, 1974); F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afri= kaanse Nasionale Bewussyn. (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1957).

53. F.A. van Jaarsveld: Op.cit., p. 174.

54. J. du P. Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 1806-1870, pp. 130-133. (Nasou, Kaapstad, 1964).

55. C.C. Nepgen: Op cit., pp. 129-132.

56. M.D. Teenstra: De vruchten mijner werkzaamhede...V.R.V. 24, pp. 85, 99, 242-250. (Kaapstad, 1943).

57. Aangehaal uit De Zuid-Afrikaan deur G.D. Scholtz: Politieke Denke... III, p. 68.

58. J.W.D. Moodie: Ten Years in South Africa I, pp. 146 en 147.

59. Vgl. C.C. Nepgen: Op.cit., en C.P. Mulder: Die invloed van die Bybel op die ontstaan van die Afrikaanse volksaard. (Ph.D., Wits, 1956); M. Boucher: The Frontier and Religion, pp. 87-88 en 96-97. Argiefjaarboek 1968/2. (Johannesburg, 1969).

60. A. Aylward: The Transvaal of today, pp. 24-25. (Londen, 1881).

61. C.M. van den Heever: Die Afrikaanse Gedagte, in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner (1968), p. 260.

62. Bv. G.L. Cumming: Architecture in South Africa. 2 dele. (Kaapstad, 1933-1934); J. Rosenberg (red.): Dutch art and architecture 1600 to 1800. (Penguin, 1966); B.E. Bierman: Boukuns in Suid-Afrika. (Balkema, Kaapstad, 1955); Hannes Meiring: Boukunsskatte in Suid-Afrika. (Human en Rousseau, Kaapstad, 1977); James Walton: Homes of the early South African stock farmers. (Johannesburg Africana Society, 1951); H. Fransen en Mary Cook: The old houses of the Cape. (Balkema, Kaapstad, 1965); R. Lewcock: Early nineteenth century architecture in South Africa. A study of the interaction of two cultures, 1795-1837. (Balkema, Kaapstad, 1963); C.R. Pearse: The Cape of Good Hope 1652-1833: an account of its buildings and the life of its people. (Van Schaik, Pretoria, 1956); A.F. Trotter: Old Cape Colony. (Westminster, 1903).

63. M.G. Atmore: Cape Furniture (Howard Timmins, Kaapstad, 1965); M. Baraitser en A. Obholzer: Cape country furniture. (Balkema, Kaapstad, 1971); M. Botha: Herkoms van die Kaapse stoele. (Balkema, Kaapstad, 1977); G.E. Pearse: Eighteenth Century furniture in South Africa. (Van Schaik, Pretoria, 1960).

63. Mary Cook: Die Kaapse kombuis. (Stellenbosch Museum, 1963?).

64. Jan Bouws: Die Kaapse Musieklewe in die Hollandse Tyd. (T.V.V., Februarie 1947); A.C. Hartman: 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika, 1652-1800. (Ph.D., Wits.).
Vgl. E.J.M. Conradie: Hollandse skrywers uit Suid-Afrika. 2 vols. (J.H. de Bussy, Pretoria, 1934 en 1949).

65. Byvoorbeeld B. Spoelstra: Ons Volkslewe. (Pretoria, 1924); C.W. Hudson: Maatskaplike vorms aan die Kaap in die tydperk 1652 tot omstreeks 1795. (Ongepubliseerde Ph.D, Wits, 1952); S.C. Hattingh en S.C.H. Rautenbach: Volkskuns uit die eerste tydperk. (Johannesburg, 1942); S.J. du Toit: Suid-Afrikaanse Volkspoësie. (Amsterdam, 1924); Abel Coetzee: Die Afrikaanse Volkskultuur. (Kaapstad, 1953); Abel Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof. (Amsterdam, 1938); G.H. van Rooyen: Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk. 2 dele. (Kaapstad, 1938-1940); P.J. van der Merwe: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek. (Van Stockum, Den Haag, 1937); Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie. (N.P.B., Kaapstad, 1938); F.T. Schonken: Die oorsprong der Kaapsch-Hollandsch volksoverlevering. (Amsterdam, 1914).

66. Vgl. S.A.C.A., 4.2.1824, S.S. 1824 en 31.8.1825.

67. H.C. Botha: Die rol van Christoffel J. Brand in S.A., 1820-1854. (M.A., Unisa, 1973).

68. M. Streak: The Afrikaner as viewed by the English..., p. 155. (D.Phil, RAU, 1976).

69. Sien die aanhaling van dr.Brill in G.D. Scholtz: Politieke Denke III, p. 67.

70. P.G. Nel: Die Kultuurontplooing van die Afrikaner, p.4. (H.A.U.M., Pretoria, 1979).

71. J.P. Scholtz: Op.cit., pp. 30-36.